Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IECONA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: Verpligtend
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord vrae in volsinne en die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

6. Lees AL die vrae sorgvuldig deur.

7. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

8. Laat 2 tot 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg oorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 C.

1.1.1 Wat sal die ekonomiese wins wees as jy ’n inkome van R10 000, eksplisiete koste van R6 000 en implisiete koste van R2 500 het?

A 10 000
B 1 500
C 500
D 15 000

1.1.2 Gemiddelde veranderlike koste word bereken deur ...

A veranderlike koste te deel deur die aantal eenhede geproduseer.
B vaste koste te deel deur die eenhede geproduseer.
C vaste koste minus veranderlike koste.
D totale koste plus vaste koste.

1.1.3 ’n Positiewe waarde van kruiselastisiteit van vraag, sal ...

A in die teenoorgestelde rigting as prys beweeg.
B nie beïnvloed word deur prys nie.
C in dieselfde rigting beweeg as prys.
D onafhanklik wees van verwante goedere.

1.1.4 EEN van die volgende is ’n bydraende faktor tot die Noord-Suid-verdeling.

A Beweeglikheid van arbeid
B Verhoogde pryse
C Politieke stabiliteit
D Koers van ontwikkeling

1.1.5 Totale nut kan gedefinieer word as ...

A totale bevrediging verkry deur alle nut bymekaar te tel.
B bevrediging verkry uit die verbruik van die laaste eenheid.
C meting van die waarde van bevrediging.
D die verskil in metings van nut.

1.1.6 Omgewings-degradering kan beskryf word as ...

A toegelaat word dat landbou-afloop lei tot die uitroei en doodmaak van vis stroomaf.
B die gebruik van sonkrag teen ’n versnelde koers.
C die gebruik van olie om brandstof mee te maak.
D herwinning.

1.1.7 Die Wet op Nasionale Bosbou streef daarna om ...

A kwaliteit lug te beskerm en te verbeter.
B te verseker dat plaaslike gemeenskappe deel in die voordele van woude.
C standaarde vir rommelverwydering te stel.
D volhoubare bestuur aan te moedig en woude te ontwikkel en te beskerm.

1.1.8 Uitvoerbevordering verwys na ...

A die produksie van goedere wat voorheen ingevoer is.
B die subsidiëring van produsente om meer vir uitvoer te produseer.
C die verwydering van handelsbeperkings.
D reëls in verband met handel wat wêreldwyd dieselfde is. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.2.2 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Verlies | A | vind plaas wanneer lande besluit om ekonomies saam te werk |
| 1.2.2 | Monopolieë | B | ŉ buitelandse maatskappy investeer in besighede in ander lande se fisiese bates |
| 1.2.3 | Streekvorming | C | paar groot verkopers oorheers die mark |
| 1.2.4 | Inkome elastisiteit van vraag | D | mense het ŉ neiging om te probeer voorkom dat fauna en flora uitsterf |
| 1.2.5 | Buitelandse direkte investering | E | hindernisse beskerm hulle teen mededinging van ander besighede |
| | | F | meet die reaksie van vraag tot die verandering in inkome |
| 1.2.6 | Omgewings-volhoubaarheid | G | uitbuiting van natuurlike hulpbronne sonder om die ekologiese balans in ŉ gebied te versteur |
| 1.2.7 | Oligopolie | H | vind plaas wanneer ŉ besigheid se kostes sy inkome oorskry |
| 1.2.8 | Private eiendomsreg | I | ŉ formele ooreenkoms tussen lande |
| | | J | mense gee om vir flora en fauna indien hulle regte gegee word om dit te besit |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Vind plaas wanneer die eenheidskoste daal terwyl die hoeveelheid geproduseer toeneem

1.3.2 Baie kopers en verkopers verkoop gedifferensieerde produkte

1.3.3 ’n Situasie waar arm families nie uit armoede kan wegbreek nie

1.3.4 ’n Periode waar slegs een produksiefaktor aangepas kan word

1.3.5 Die bekendstelling van besoedelingsfaktore tot die omgewing

1.3.6 Aanwyser wat oor die algemeen gebruik word om inkomeverspreiding tussen groepe mense aan te dui (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE voorbeelde van vaste koste. (2 x 1) (2)

2.1.2 Wat sal 'n produsent aanmoedig om voort te gaan om sy produksie te laat toeneem? (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MARK VIR PETROL**




2.2.1 Wat is die impak op die prys en hoeveelheid deur die skuif van die aanbodkurwe van AA na $A_1A_1$? (2)

2.2.2 Verduidelik die frase *omgekeerde verhouding*. (2)

2.2.3 Wat kan die oorsaak wees van 'n skuif van die aanbodkurwe van AA na $A_1A_1$? (2)

2.2.4 Teken die grafiek van die komplementêre produk (petrol) en dui aan wat die reaksie sal wees. (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OLIGOPOLIEË**

ʼn Paar groot oligopolieë domineer ʼn oligopoliemark, d.w.s. ʼn aantal maatskappye wat selfone vervaardig domineer die selfoonnetwerk in Suid-Afrika. Die produkte is dieselfde en word deur ʼn paar maatskappye verkoop. Verder verkry die produkte handelsmerke a.g.v. uitermatige mededinging en omdat daar groot langtermyn toegangshindernisse is, maak die maatskappye buitensporige winste. Die mededingende maatskappye het ʼn ongewone interafhanklikheid, tot by die punt dat hulle byna as een funksioneer.

[Aangepas uit Markitects./co.za]

2.3.1 Noem enige TWEE kenmerke van ʼn oligopolie volgens die uittreksel. (2)

2.3.2 Verduidelik die begrip *toegangshindernis*. (2)

2.3.3 Waarom vind samespanning tussen maatskappye plaas? (2)

2.3.4 Hoe help handelsmerke om ʼn maatskappy te bedryf in ʼn oligopolie markstruktuur? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek *aard van die produk* en *toetrede* as kenmerke van ʼn volmaakte mark, kortliks. (8)

2.5 Verduidelik, met die hulp van grafieke, hoe ʼn toename in die vraag na ʼn produk, die faktormark kan beïnvloed. (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE aspekte wat die vlak van ontwikkeling in 'n land aandui. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is dit vir ons belangrik om die omgewing te onderhou? (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VRYMAKING VAN DIE HANDEL**




[Bron: www.cartoonstock.com]

3.2.1 Watter ekonomiese begrip kan geassosieer word met 'Die aarde is rond, ons sal daar uitkom'? (1)

3.2.2 Waarvoor staan die afkorting WHO? (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die begrip *vryhandel*. (2)

3.2.4 Verduidelik die verhouding tussen vergelykende voordeel en vryhandel. (2)

3.2.5 Watter voordeel sal lande trek uit die gebruik van 'n vryhandelsbeleid? (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BESKERMING VAN DIE OMGEWING**



Die aarde is 'n ekosisteem wat beskerming verdien. Sonder ons omgewing, sal dit onmoontlik vir ons as mense wees om te floreer. Dit is elkeen van ons se plig om te help om die omgewing te beskerm. Elke keer wanneer jy die hoeveelheid water wat jy gebruik verminder, brandstof bespaar, elektrisiteitsverbruik verminder, verhoed dat items op stortingsterreine beland of natuurlike hulpbronne bespaar, help jy die omgewing beskerm op belangrike maniere.

[Bron*:* www.consumerprotect.com]

3.3.1 Identifiseer enige TWEE maniere, uit die uittreksel, hoe om die omgewing te beskerm. (2)

3.3.2 Beskryf kortliks die begrip *ekosisteem*. (2)

3.3.3 Verduidelik prysbeleid as 'n metode om die omgewing te beskerm. (1 x 2) (2)

3.3.4 Waarom is dit belangrik vir mense om die omgewing te beskerm? (4)

3.4 Verduidelik *veranderinge in indiensnemingsvoorwaardes* en *veranderinge in kultuur* as gevolge van globalisasie. (8)

3.5 Waarkom dink jy is dit belangrik vir die ekonomie en die omgewing om na woude te sien? (8)

**[40]**


**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE lidlande van die SAOG-streek. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom hel die gemiddelde vastekoste-kurwe opwaarts van links na regs? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Watter markstruktuur word hierbo voorgestel? (1)

4.2.2 Watter soort wins word in bostaande grafiek aangetoon? (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks punt 'e' op die grafiek. (2)

4.2.4 Verduidelik die helling van die marginalekoste-kurwe. (2)

4.2.5 Hoekom is MI en GI gelyk aan mekaar in die grafiek? (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERLIES AAN BIODIVERSITEIT EN GLOBALE KLIMAATSVERANDERING**

Globale klimaatsverandering vind vandag plaas teen ’n ongekende koers, hoofsaaklik as gevolg van ’n styging in die vrystelling van kweekhuisgasse soos $CO_2$. Globale temperature het toegeneem met ongeveer 0,6–0,7 °C en dit word voorspel dat dit verder sal styg tot 1,4 – 5,8 °C in 2100. Verlies aan biodiversiteit het ’n ernstige kwessie geword in baie plekke regoor die wêreld. Baie faktore soos ’n verlies aan habitat, agteruitgang, oormatige lading van voedingstowwe, lug- en waterbesoedeling, oorbenutting en onvolhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne dra by tot die verlies aan biodiversiteit.

4.3.1 Noem enige TWEE faktore wat tot die verlies aan biodiversiteit bydra. (2 x 1) (2)

4.3.2 Wat is die hoofoorsaak van klimaatsverandering? (2)

4.3.3 Verduidelik kortliks *bruin* omgewingskwessies. (2)

4.3.4 Hoe beïnvloed klimaatsveranderinge die ekonomiese omgewing? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks die SMART-beginsel om doelwitte vir besighede te ontwerp. (8)

4.5 Hoe sal Suid-Afrika voordeel trek uit integrasie met ander ekonomieë? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• ŉ Goeie beginpunt is om die hoofterm, wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag by jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/ Verduidelik<br>**Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat reeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• ŉ Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

### VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek soorte pryselastisiteit van vraag met behulp van grafieke met volledige byskrifte. (26)
- Watter redes sal jy verskaf vir die reaksie van verbruikers tot prysveranderinge? (10)

**[40]**

### VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek die oorsake van armoede in detail. (26)
- Was Suid-Afrika suksesvol in sy pogings om die uitdagende kwessies van armoede aan te spreek? (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg oorbehou